# SKUD JOU VERE REG VIR *DIE 17DE VEER*

## Prelees-aktiwiteite

## Luisterbegrip 1

**Skrywer se dogter inspireer nuwe verhaal (Deel 1)**
Phyllis Green
Verkort uit: *Sarie*, 3 Maart 2021

In *Die 17de veer* werk Lara in haar vrye tyd by ’n tatoeëersalon waar die eienaar haar alles oor tatoeëermerke leer. Vir ekstra sakgeld verkoop sy ook vintage-klere.

Sy bly by haar ma en oom Dan wat maar altyd net daar was. Hoe hy in hul familie-opset inpas, weet sy nie juis nie. Sy weet nie wie haar pa is nie, want haar ma weier om haar te vertel. Lara se huislike lewe is nie juis maanskyn en rose nie. Soos sy self sê (bl.24): “Ons loop almal op eiers. Waarom praat niemand met mekaar in hierdie huis nie? Regte praat, reguit en openlik praat. Die een is in die waas van whisky. Die ander in die arms van Xanor, die kalmmaakpil wat die lewe se skerp punte rond maak.”

Lara se pad kruis dan met dié van Alex. Hy het in ’n kinderhuis grootgeword waar hy vir Jay-Jay ontmoet het. By hom het Alex geleer van uile en wat dit is om ’n pa te hê. Hy het Kaapstad toe gekom omdat hy ’n belofte aan iemand gemaak het. Hoe hou die belofte verband met Lara? Sal hulle twee vriende kan word? Sal hulle vrede kan vind oor die verliese van die verlede?

## Vrae

1. Wat doen Lara in haar vrye tyd? (1)
2. Wat verkoop Lara vir ekstra sakgeld? (1)
3. Noem twee groot dinge omtrent Lara se huislike omstandighede wat sy nie kan verduidelik nie. (2)
4. Volgens Lara "loop almal op eiers" in haar huishouding. Watter probleem tussen haar mense probeer sy oordra met hierdie woorde? (1)

5.1 Watter twee middels word in Lara se huis misbruik? (2)

5.2 Middels word misbruik "om die lewe se skerp punte rond te maak". Verduidelik in jou eie woorde wat met hierdie uitdrukking bedoel word. (1)

6. Waar het Alex grootgeword? (1)
7. Watter twee dinge het Alex by Jay-Jay geleer? (2)
8. Lei een ooreenkoms tussen Alex en Lara af. (1)
9. Hoekom het Alex Kaapstad toe getrek? (1)
10. Dink jy dis in orde as ʼn tiener ʼn tatoe kry? Motiveer jou antwoord. (1)
11. Lara woon saam met haar ma en ʼn oom wat sy nie weet waar hy vandaan kom nie. Dink jy iemand kan as deel van jou gesin beskou word as jy nie weet hoe hy inpas nie? Verduidelik. (1)

**[15]**

# Antwoorde

## Luisterbegrip 1

1. Sy werk by ’n tatoeëersalon. (1)

2. Sy verkoop vintage-klere. (1)

3. Sy weet nie hoe oom Dan in die prentjie pas nie en sy weet nie wie haar pa is nie. (2)

4. Hulle kommunikeer nie goed met mekaar nie. / Hulle is te versigtig met mekaar om oop en eerlik te kan praat. (1)

5.1 Whisky en kalmeermiddels (Xanor). (2)
5.2 Dit help mense om hul probleme te vergeet. / Mense gebruik dit om minder angstig/hartseer te wees. (1)

6. In ’n kinderhuis (1)

7. Van uile en hoe dit is om ’n pa te hê. (2)

8. Altwee het (aanvanklik) sonder pa’s grootgeword. / Altwee moet saamleef met verliese van die verlede. (1)

9. Hy het ’n belofte aan iemand gemaak. (1)

10. Ja/Nee met goeie motivering. (1)

11. Ja/Nee met goeie motivering. (1)

**[15]**